VERDERE BEPERKINGS: VERVAARDIGING EN HERLAAI

Nog ’n voorgestelde wysiging op die Wet op die Beheer van Vuurwapens wat ’n impak kan hê op jagters en sportskut, hou verband met die vervaardiging en herlaai van ammunisie. Herlaai is ’n algemene praktyk onder duisende sportskuts en jagters o**mdat dit meer bekostigbaar en akkurater is** as ammunisie wat in die handel beskikbaar is. Weer eens, blyk dit dat hierdie voorgestelde wysiging juis die **verantwoordelike en wetsgehoorsame sektor onder vuurwapeneienaars in die land teiken – ons lede (jagters en sportskuts).**

VERVAARDIGING VAN VUURWAPENS EN AMMUNISIE

Artikel 45 is van toepassing op die vervaardiging van vuurwapens en ammunisie en verbied die vervaardiging van enige vuurwapens of ammunisie sonder ’n vervaardigerslisensie. Hier word voorgestel dat die artikel gewysig word deur die volgende subartikel toe te voeg:
“(3) It is an offence for any person, except the manufacturer of ammunition to be in possession of equipment designed and manufactured to reload ammunition”.

Ons kommentaar/opinie: *Alhoewel die fokus van hierdie wysiging van die wet waarskynlik bedoel is vir kommersiële vervaardigers van ammunisie mag dit onbedoelde gevolge hê. (veral in die lig van Artikel 93 hier onder). Om die besit van herlaaitoerusting ’n oortreding van die wet te maak sal duisende herlaaiers oornag verkriminaliseer.*

Artikel 93 maak voorsiening vir elke persoon wat ’n wettige vuurwapenlisensie het om self ammunisie vir eie gebruik te laai. **Dit word nou uit die wet geskrap.** Tans mag jagters en sportskuts ’n maksimum van 2 400 slagdoppies besit. **Die voorgestelde wysigings wil hiermee herlaai verbied.**

Ons kommentaar/opinie: *Dit is duidelik dat die herlaai van ammunisie ingevolge die voorgestelde wysiging nie toelaatbaar is nie. Soos hierbo genoem, sal die wysiging duisende jagters en sportskuts wat tans herlaai, verkriminaliseer. Dis interessant dat Artikel 8 ook ’n bevoegdheidsvereiste plaas op mense wat herlaai. Dit is absurd, aangesien hierdie mense reeds tot bevoegde vuurwapeneienaars verklaar is. Addisionele bevoegdheid word nou vereis om te kan herlaai, maar niemand word toegelaat om herlaaitoerusting te besit nie.*

Artikel 49 en 63 maak voorsiening vir die hef van **administratiewe boetes** op vervaardigers en geweersmede wie se lisensie-aansoeke laat ingedien word. Soos die wet nou staan, is daar ook die moontlikheid van administratiewe boetes vir laat aansoeke, maar die Polisie reik nie boetes uit nie omdat hulle geen laat aansoeke aanvaar nadat ’n lisensie reeds verval het nie.

Ons kommentaar/opinie: *Die Polisie is dikwels skuldig aan vertraging met die inneem en verwerking van die hernuwing van vuurwapenlisensies. Dit is dus onbillik en absurd vir die Polisie om boetes te hef wanneer hulle nie die proses doeltreffend en vinnig kan afhandel nie.*

HOEVEELHEID AMMUNISIE WAT TOEGELAAT WORD

Artikel 91 van die wet beperk lisensiehouers tot **200 rondes** ammunisie per lisensie ter enige tyd. Daar is geen beperking op die aantal rondes wat toegewyde jagters, sportskuts en beroepsjagters mag besit nie.

Die voorgestelde wysigings wil nou die getal rondes per individu **beperk tot 100,** in alle gevalle. Daar word egter voorsiening gemaak dat die registrateur, met goeie rede, die beperking tot 100 rondes kan verslap sodat toegewyde sportskuts, toegewyde jagters, geakkrediteerde opleiers en beroepsjagters meer rondes mag besit. In hierdie gevalle, moet die registrateur kennis neem van hoe dikwels die vuurwapen gebruik word, die vlak van deelname in die betrokke aktiwiteite waarvoor die vuurwapen geregistreer is, die aantal rondes wat per aktiwiteit gebruik word, en enige ander relevante faktore.

Ons kommentaar/opinie: *Die voorgestelde wysigings is irrasioneel en absurd inaggenome die potensiële aantal vrystellingsaansoeke wat van vuurwapeneienaars verwag kan word. SA Jagters het meer as 44 000 aktiewe lede waaronder 16 951 toegewyde jagters is en 13 285 toegewyde sportskuts is. Elkeen van hierdie lede sal waarskynlik vir vrystelling aansoek doen, wat tot ’n enorme administratiewe rompslomp sal lei. ’n Toegewyde sportskut kan tot 4000 rondes en selfs meer in een jaar benodig. Kleiduifskietkompetisies vereis 100 kleie met 2 skote per klein, wat reeds 200 rondes beteken.*

ONS FOKUS DEURGAANS OP:

Die stappe wat SA Jagters sal neem om implementering van hierdie wetgewing te staak, nl.:

- **Neem regstappe** teen die regering om die voorgestelde wetswysigings te laat vaar.
- **Weerlê die anti-vuurwapen propaganda** en waninligting
- Beklemtoon dat dit elke wetsgehoorsame **burger se reg** is om ’n **vuurwapen te besit**
- Verskaf **kommentaar en petisies** wat duisende burgers ’n stem gee om die **regering se pogings te stuit**
- **Snoer kragte saam** met ander rolspelers in die bedryf vir g**roter druk**